

**Twee visies op dieselfde saak**

Op een van die hoë bergtoppe in die gebied van Moab staan Balak en Bileam. Hulle kyk af op die laer van Israel onder in die vlakte. Vir Balak, die koning van Moab, is dit 'n afskuwelike gesig. Vir hom is Israel niks meer as 'n trop beeste wat die aarde vertrap en kaal vreet nie. Hulle is 'n onbeskaafde woestynvolk wat sy gebied ongenooïd binnegedring het – 'n horde barbare wat vervloek en vernietig moet word. Deur die oë van die Here sien Bileam 'n heel ander prentjie. Hy sien hoe die twaalf stamme van Israel ordelik kamp opgeslaan het. Volgens Numeri 2 was dit 'n reuse kruis met drie stamme in elk van die vier windrigtings. In die middel was 'n sirkel waar die Leviëte gewoon het met die tabernakel in die sentrum. Bileam sien nie 'n horde barbare nie, maar 'n hoogs gedissiplineerde volk wat in vrede langs mekaar woon.

Wat 'n gesig! Geen wonder dat Bileam geen woord van vervloeking geuiter kry nie. Oor sy lippe vloei 'n stroom van lofuiting en seëninge.

Twee manne kyk na dieselfde toneel vanaf dieselfde bergtop – en tog verskil hulle wesentlik in wat hulle sien. Dit is soos wanneer kerksang oor 'n radio in 'n woonstelblok opklink. Vir sommige is dit die soetste klanke, maar vir ander is dit afstootlik. Kerkklokke roep gelowiges op na die kerk, maar dit sus ongelowiges aan die slaap. Met die oordeelsdag sal die wêreld na dieselfde toneel kyk. Vir opregte Christene sal Jesus op sy wit troon die mooiste van alle gesigte wees, maar vir skynheiliges en heidene die verskriklikste van alle tonele.

*Sing: Skrifberyming 45:1,2*

*Ds AS Heystek (Akasia)*